

Studiewenke

Voorbereiding vir eksamensukses!

Studiewenk ①

- Verstaan jou studieonderwerpe: **Verduidelik vir jouself, in jou eie woorde, wat jy geleer het.** Skryf die feite neer en maak notas in jou eie woorde.

Studiewenk ②

- Moenie bang wees om vrae te vra nie. Indien jy 'n woord, 'n konsep of verduideliking **nie verstaan nie, vra dat dit verduidelik word.**

Studiewenk ③

- Hou 'n vasvra vir jouself: Wanneer jy iets verstaan, **toets jouself** daarop. Skryf jou antwoord neer. Terwyl jy dit doen, bly so naby moontlik aan eksamentoestande – **skakel jou selfoon af**, moenie met enigiemand praat nie, kyk hoe lank jy neem, ens. Jy kan vir jouself 'n studievasvra opstel of oefen om eksamenvrae te beantwoord. Solank as wat jy dit met die regte gesindheid benader, kan jy 'n baie goeie idee kry van hoeveel jy weet en waar jy staan ten opsigte van wat jy sover bestudeer het. Hierdie toetsing van jouself sal waardevolle eksamenvoorbereiding wees.

Studiewenk ④

- Wees kreatief en gebruik verskillende studiemetodes. Moenie verplig voel om voor 'n boek te sit met 'n neonmerkpen nie; daar is baie ander maniere om te studeer. Probeer om **soveel studiemetodes as moontlik te gebruik** om jou te help om beter te studeer, en kies dan wat die beste vir jou werk. Voorbeelde van studiemetodes is flitskaarte, breinkaarte, geheuebruggies (mnemoniek), studiebeplanners, en video- en oudiobronne.
- **Flitskaarte** is byvoorbeeld ideaal vir die verbetering van jou geheue en om jou te help om teorie, definisies en sleuteldatums te onthou. Dit is handig vir vinnige studiesessies, veral net voor 'n eksamen.

Studiewenk ⑤

- **Stel jou studiedoelwitte** op en en werk 'n aanpasbare studieplan uit. Om sukses in die eksamen te behaal, moet jy weet wat jy wil bereik. Dit is hoekom dit uiters belangrik is om jou studiedoelwitte nou te bepaal en vir jouself uit te stippel wat jy daaromtrent moet doen.
- **Jy kan dit dan neerskryf in die beloftevorm aan die einde van hierdie boekie.** Met jou studiedoelwitte in gedagte en jou jaareindeksamen steeds weke en maande ver, maak dit sin om 'n aanpasbare studieplan eerder as 'n onbuigbare plan te hê. Hoe nader jy aan die eksamen kom, hoe meer spesifiek behoort jou studieplan te wees. Vroeër behoort jou plan te help dat jy **al jou vakke dek**. Dit moet egter breed genoeg wees om jou toe te laat om aspekte by te voeg en te verander. Dit moet duidelik genoeg wees sodat jy op enige punt weet dat jy elke vak of onderwerp so goed as wat jy kan, sal dek.

Indien jy hierdie vyf wenke in jou studieplan inwerk, sal jy goed op pad wees om sukses in die eksamen te behaal. Hoe vroeër jy begin om vir die eksamen voor te berei, hoe meer tyd sal jy vir hersiening hê. Dit sal jou help om beter te onthou en dit sal jou stres verminder.

Bron: Aangepas uit Exam time, 2013